# DIE HEER HET OPGESTAAN!
# GROEPSLITURGIE – SONDAG 12 APRIL

## KOM TOT RUS IN GOD SE TEENWOORDIGHEID

Word vir `n oomblik rustig.

Lees die volgende 3 paragrawe en doen dit as `n gesin saam…

Sit lekker gemaklik – rug reguit. Maak julle oë toe. Haal so paar kere lekker diep asem en raak net sommer bewus van julle omgewing en julle eie menswees (hartklop, asemhaling ens).

Terwyl julle oë toe is, raak sommer ook bewus van God se teenwoordigheid. Raak bewus van God se betrokkenheid in julle lewe.

Terwyl julle so rustig met julle oë toe sit, laat iemand in die gesin bid vir God se leiding vir hierdie geleentheid.

## LOFPRYSING EN AANBIDDING

Gesels met mekaar oor hoe elkeen van julle God aanbid.

Is daar dalk iemand in die gesin wat `n gunstelling Christelike liedjie het? Wat is die liedjie? Luister as gesin saam na dié liedjie (of enige ander Christelike liedjie as julle dalk nie dié liedjie het nie).

**LUISTER NA DIE WOORD**

Lees Lukas 24:36-49.

36Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: “Vrede vir julle!”
37Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees.
38Hy sê toe vir hulle: “Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte?
39Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.”
40Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete.
41Toe hulle van blydskap en verwondering nog nie kon glo nie, sê Hy vir hulle: “Het julle hier iets om te eet?”
42Hulle gee Hom toe 'n stuk gebakte vis.
43Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet.
44Daarna sê Hy vir hulle: “Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is.”
45Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan.
46Verder sê Hy vir hulle: “So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan,

47en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.’
48Julle is getuies van hierdie dinge.
49En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is.”

**DEEL MET MEKAAR**

- Is daar `n woord, frase of gedagte wat vir julle uitstaan in die teks?

- Is daar dalk iets in die teks waaroor julle onseker is?

**DELF DIEPER**

Prof. Marius Nel (wie verlede jaar die gesamentlike Ringspinkster by NG Kerk Wonderboom aangebied het) skryf as volg oor die opstanding:

Die opstanding van Jesus is dié belangrikste belydenis van die Christelike geloof (1 Korintiërs 15:1-8). As Jesus nie uit die dood opgestaan het nie sou Hy waarskynlik deur die geskiedenis vergeet gewees het en sou die Christelike geloof nooit wêreldwyd versprei het nie.

Die presiese oomblik van Jesus se opstanding word nie in die Nuwe Testament beskryf nie. Dit bevat eerder verhale oor die leë graf, asook van Jesus se verskyning aan mense ná sy dood (Matteus 28:1-10; 1 Korintiërs 15:5-8), maar geen beskrywing van Jesus se opstanding nie. Dit het immers in 'n geseëlde graf plaasgevind. Dit is ook opvallend dat al het Jesus in die Evangelies sy dood meer as een keer voorspel (Markus 8:31-31; 9:30-32; 10:33-34) dit steeds 'n totale verrassing vir sy eerste volgelinge was. Die vroue het na Jesus se graf gegaan om sy liggaam te versorg dat dit waardig kon ontbind (Markus 16:1) terwyl die manlike dissipels weer onwillig was om die nuus van Jesus se opstanding te glo (Lukas 24:8-11). Die herhaalde verskynings van Jesus het sy volgelinge egter genoodsaak om nuut na te dink oor wie Jesus werklik was (Lukas 24:45-49).

Die opstanding van Jesus met 'n verheerlikte liggaam is 'n unieke Christen-belydenis. Al was daar in die antieke wêreld by sommige 'n geloof in die voortbestaan van die siel na die dood glo Christene nie net in die geestelike voortbestaan van die siel na die dood nie. Christene glo in 'n *beliggaamde* voortbestaan na die dood. Jesus se oorwinning oor die dood was nie om ontslae te raak van sy fisiese liggaam nie. Sy liggaam is eerder verheerlik. Terwyl sy dissipels steeds aan Hom kon vat en Hy kon eet was Jesus nie meer gebind deur tyd en ruimte nie. Hy kon byvoorbeeld verskyn en verdwyn uit geslote vertrekke (Johannes 20:26).

Jesus se opstanding is ‘n demonstrasie van die verheerliking en herstel van alles – fisies en geestelik – wat God geskape het. Dit dui op God se deurslaggewend oorwinning oor die sonde en die gevolge daarvan. Daar is ‘n daarom verskil tussen die opwekking van dooies soos Lasarus (Johannes 11:1-44) en die opstanding van Jesus. Die opwekking van iemand soos Lasarus deur Jesus was in werklikheid net die uitstel van hulle dood. Hulle kon hul lewe voortsit, maar hulle het later egter weer gesterf soos alle mense. Die opstanding van Jesus is egter die vernietiging van die dood. Jesus sou nooit weer sterf nie (Romeine 6:9).

Jesus se oorwinning oor die dood was nie net goeie nuus omdat dit duidelik maak dat God sy eie seun van die dood gered het nie. Dit is ook goeie nuus omdat God daardeur dit duidelik gemaak het dat alle gelowiges in die oorwinning van Jesus sou deel. Hulle sal ook uit die dood opstaan en ‘n verheerlikte liggaam ontvang (1 Korintiërs 15:42-58). Daarom glo Christene nie net in die opstanding van Jesus nie, maar in die opstanding van al die gelowiges (1 Korintiërs 15:12-26).

Jesus se opstanding uit die dood dui verder daarop dat ‘n nuwe tydvak aangebreek het. Die Jode het geglo dat wanneer die Here sy skepping sou herstel die regverdiges uit die dood sou opstaan. Jesus se opstanding dien daarom as ‘n aanduiding dat ‘n nuwe tydvak aangebreek het waartydens God sy skepping sal bevry van die gevolge van die sonde.

Dit is uit bogenoemde duidelik dat die opstanding van Jesus die hoeksteen is van die Christelike geloof.

- Hoe help dit wat prof. Marius geskryf het julle om die opstanding van Jesus te verstaan?

**WAT NOU**

- Wat beteken die opstanding van Jesus vir julle?
- Hoe raak die opstanding van Jesus julle binne die huidige omstandighede waarin ons tans leef met die uitdaging van COVID - 19?

**ANTWOORD MET GEBED**

Bid saam as gesin en sê vir die Here dankie vir die opstanding.

**GEEN LEEF UIT DIE OPSTANDING VAN JESUS**

Jesus leef en ons leef saam met Hom!

